*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**
**Overseas 30c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

ISBN 0 621 00989 *

VOL. 96.] CAPE TOWN, 27TH JUNE, 1973. KAAPSTAD, 27 JUNIE 1973. [No. 3947.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1114. 27th June, 1973.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 62 of 1973: General Law Amendment Act, 1973.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1114. 27 Junie 1973.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 62 van 1973: Algemene Regswysigingswet, 1973.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# ACT

**To amend the Public Health Act, 1919; the Liquor Act, 1928; the Attorneys, Notaries and Conveyancers Admission Act, 1934; the Insolvency Act, 1936; the Deeds Registries Act, 1937; the Mines and Works Act, 1956; the Interpretation Act, 1957; the Prisons Act, 1959; the Supreme Court Act, 1959; the Judges' Remuneration and Pensions Act, 1959; the Republic of South Africa Constitution Act, 1961; the Bantu Beer Act, 1962; the Aviation Act, 1962; the Publications and Entertainments Act, 1963; the Liquor Amendment Act, 1963; the Coloured Persons Representative Council Act, 1964; the Indians Education Act, 1965; the Agricultural Credit Act, 1966; the Atomic Energy Act, 1967; the South-West Africa Constitution Act, 1968; the University of the Western Cape Act, 1969; the Prescription Act, 1969; the Bantu Affairs Administration Act, 1971; the National Roads Act, 1971; the Sectional Titles Act, 1971; and the Sishen-Saldanha Bay Railway Construction Act, 1973; to repeal the Registration of Property in Deceased Estates Ordinance, 1957, and the Registration of Property in Deceased Estates Amendment Ordinance, 1961, both of South West Africa; to amend the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968, of South West Africa; and Proclamation No. 333 of 1949; and to provide for incidental matters.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 19th June, 1973.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 50 of Act 36 of 1919, as amended by section 3 of Act 29 of 1933, section 6 of Act 57 of 1935, section 1 of Act 14 of 1938, section 15 of Act 37 of 1943, section 8 of Act 51 of 1946, section 8 of Act 44 of 1952, section 1 of Act 60 of 1956, section 2 of Act 79 of 1963, section 4 of Act 38 of 1965 and section 5 of Act 80 of 1971.

**1.** (1) Section 50 of the Public Health Act, 1919, is hereby amended by the substitution for paragraph (*d*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*d*) apart from expenditure which may be refunded as aforesaid, refund seven-eighths of the approved net cost actually and necessarily incurred by a local authority in the treatment and care of persons suffering or suspected to be suffering from tuberculosis in a communicable form: Provided that if, after consultation with the administrator, the Minister is satisfied that any local authority is unable, owing to lack of resources, to bear the whole or any portion of the remaining one-eighth of the said net cost, he may refund to such local authority the whole or such portion thereof as he may determine;".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1973.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# WET

**Tot wysiging van die „Volksgezondheidswet, 1919"; die Drankwet, 1928; die Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers Wet, 1934; die Insolvensiewet, 1936; die Registrasie van Aktes Wet, 1937; die Wet op Myne en Bedrywe, 1956; die Interpretasiewet, 1957; die Wet op Gevangenisse, 1959; die Wet op die Hooggeregshof, 1959; die Wet op Besoldiging en Pensioene van Regters, 1959; die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961; die Wet op Bantoebier, 1962; die Lugvaartwet, 1962; die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963; die Drankwysigingswet, 1963; die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad, 1964; die Wet op Onderwys vir Indiërs, 1965; die Wet op Landboukrediet, 1966; die Wet op Atoomkrag, 1967; die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968; die Wet op die Universiteit van Wes-Kaapland, 1969; die Verjaringswet, 1969; die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971; die Wet op Nasionale Paaie, 1971; die Wet op Deeltitels, 1971; en die Sishen-Saldanhabaai-spoorlynaanlegwet, 1973; om die Ordonnansie op die Registrasie van Eiendom in Bestorwe Boedels, 1957, en die Wysigingsordonnansie op die Registrasie van Eiendom in Bestorwe Boedels, 1961, albei van Suidwes-Afrika, te herroep; tot wysiging van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968, van Suidwes-Afrika; en van Proklamasie No. 333 van 1949; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 19 *Junie* 1973.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 50 van Wet 36 van 1919, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 29 van 1933, artikel 6 van Wet 57 van 1935, artikel 1 van Wet 14 van 1938, artikel 15 van Wet 37 van 1943, artikel 8 van Wet 51 van 1946, artikel 8 van Wet 44 van 1952, artikel 1 van Wet 60 van 1956, artikel 2 van Wet 79 van 1963, artikel 4 van Wet 38 van 1965 en artikel 5 van Wet 80 van 1971.

**1.** (1) Artikel 50 van die „Volksgezondheidswet, 1919", word hierby gewysig deur paragraaf (*d*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*d*) afgezien van onkosten die zoals voormeld terugbetaald kunnen worden, zeven-achtsten terugbetalen van de goedgekeurde netto-onkosten die werkelik en noodzakelikerwijze door een plaatselike autoriteit gemaakt zijn in verband met de behandeling en verzorging van personen lijdende of naar vermoeden lijdende aan tuberkulose in een overdraagbare vorm: Met dien verstande dat indien, na overleg met de administrateur, de Minister overtuigd is dat een plaatselike autoriteit wegens gebrek aan middelen niet in staat is om het geheel of enig gedeelte van de overblijvende één-achtste van bedoelde netto-onkosten te dragen, hij aan de plaatselike autoriteit het geheel of zulk gedeelte daarvan als hij mocht bepalen, kan terugbetalen;".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 April 1973 in werking te getree het.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





Amendment of section 66 of Act 36 of 1919, as amended by section 3 of Act 29 of 1933, section 7 of Act 57 of 1935, section 9 of Act 51 of 1946, section 19 of Act 36 of 1950, section 9 of Act 44 of 1952 and section 6 of Act 80 of 1971.

**2.** (1) Section 66 of the Public Health Act, 1919, is hereby amended by the substitution in paragraph (*d*) for the words preceding the proviso of the following words:

"(*d*) refund to any local authority, or to two or more local authorities acting jointly, seven-eighths of the net cost of any approved scheme for providing treatment (including maintenance and accommodation where necessary) for persons who are suffering from venereal disease:".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1973.

Amendment of section 64 of Act 30 of 1928, as amended by section 44 of Act 88 of 1963 and section 15 of Act 23 of 1969.

**3.** Section 64 of the Liquor Act, 1928, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*b*) If a licensing board renews for the first time any licence granted under Proclamation No. 333 of 1949 in respect of premises situated in an area in which this Act has since such grant been made applicable, the board may at the same time, if such licence previously authorized the sale of liquor for consumption both on and off the premises, also authorize the sale of liquor under such licence for consumption off the licensed premises."; and

(*b*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) In any case in which the board has granted or grants any authority referred to in subsection (1), it may, subject to the provisions of section 53 (3), (4) and (5) of the Liquor Amendment Act, 1963 (Act No. 88 of 1963), from year to year continue to grant such authority.".

Amendment of section 175 of Act 30 of 1928, as amended by section 36 of Act 41 of 1934, section 2 of Act 14 of 1951, section 7 of Act 5 of 1952, section 45 of Act 61 of 1956, section 20 of Act 63 of 1962, section 113 of Act 88 of 1963 and section 55 of Act 23 of 1969.

**4.** (1) Section 175 of the Liquor Act, 1928, is hereby amended by the deletion of paragraph (*c*) of the definition of "Transkeian territories" in subsection (1).

(2) The reference in paragraph (*e*) of the said definition to the district of Mount Currie shall as from the commencement of this section be construed as a reference to that district as extended in terms of Government Notice No. 1149 of 30 June 1972.

(3) Any licence (other than a police canteen licence or regimental canteen licence), letter of exemption, permit, authority, order, consent, declaration or prohibition granted, renewed, made, given, issued or imposed under any provision of Proclamation No. 333 of 1949 to or in respect of any person resident or premises situated in the district of Hermes or in that portion of the district of Mount Currie included therein in terms of Government Notice No. 1149 of 30 June 1972, and in force immediately before the commencement of this section, shall, subject to such restrictions, directions or conditions as may apply thereto, be deemed to have been granted, renewed, made, given, issued or imposed under the corresponding provision of the Liquor Act, 1928.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**2.** (1) Artikel 66 van die „Volksgezondheidswet, 1919", word hierby gewysig deur in paragraaf (*d*) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

„(*d*) aan een plaatselike autoriteit, of aan twee of meer plaatselike autoriteiten die gezamenlik handelen, zevenachtsten van de netto kosten van een goedgekeurd schema voor het geven van behandeling (met inbegrip van onderhoud en huisvesting waar nodig) aan personen die aan veneriese ziekte lijdende zijn, terugbetalen:".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 April 1973 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 66 van Wet 36 van 1919, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 29 van 1933, artikel 7 van Wet 57 van 1935, artikel 9 van Wet 51 van 1946, artikel 19 van Wet 36 van 1950, artikel 9 van Wet 44 van 1952 en artikel 6 van Wet 80 van 1971.

**3.** Artikel 64 van die Drankwet, 1928, word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*b*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) As 'n lisensieraad vir die eerste keer 'n lisensie vernuwe wat ingevolge Proklamasie No. 333 van 1949 verleen is ten opsigte van 'n gebou wat in 'n gebied geleë is waarin hierdie Wet sedert sodanige verlening van toepassing gemaak is, kan die raad terselfdertyd, indien so 'n lisensie voorheen die verkoop van drank vir verbruik sowel in as buite die gebou gemagtig het, ook magtiging vir die verkoop van drank kragtens daardie lisensie vir verbruik buite die gelisensieerde gebou verleen."; en

(*b*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) In elke geval waarin die raad 'n magtiging bedoel in subartikel (1) verleen het of verleen, mag hy van jaar tot jaar voortgaan om sodanige magtiging te verleen, dog behoudens die bepalings van artikel 53 (3), (4) en (5) van die Drankwysigingswet, 1963 (Wet No. 88 van 1963).".

Wysiging van artikel 64 van Wet 30 van 1928, soos gewysig deur artikel 44 van Wet 88 van 1963 en artikel 15 van Wet 23 van 1969.

**4.** (1) Artikel 175 van die Drankwet, 1928, word hierby gewysig deur paragraaf (*c*) van die omskrywing van „Transkeise gebied" in subartikel (1) te skrap.

(2) Die verwysing in paragraaf (*e*) van die genoemde omskrywing na die distrik Mount Currie word vanaf die inwerkingtreding van hierdie artikel uitgelê as 'n verwysing na daardie distrik soos uitgebrei ingevolge Goewermentskennisgewing No. 1149 van 30 Junie 1972.

(3) Enige lisensie (behalwe 'n polisiekantienlisensie of regimentskantien-lisensie), vrystellingsbrief, permit, magtiging, bevel, toestemming, verklaring of verbod toegeken, hernuwe, uitgevaardig, verleen, uitgereik of opgelê ingevolge 'n bepaling van Proklamasie No. 333 van 1949 aan of ten opsigte van 'n persoon woonagtig of gebou geleë in die distrik Hermes of in dié gedeelte van die distrik Mount Currie wat ingevolge Goewermentskennisgewing No. 1149 van 30 Junie 1972 daarby ingelyf is, en onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel van krag, word, behoudens die beperkings, voorskrifte of voorwaardes wat daarop van toepassing is, geag ingevolge die ooreenstemmende bepaling van die Drankwet, 1928, toegeken, hernuwe, uitgevaardig, verleen, uitgereik of opgelê te gewees het.

Wysiging van artikel 175 van Wet 30 van 1928, soos gewysig deur artikel 36 van Wet 41 van 1934, artikel 2 van Wet 14 van 1951, artikel 7 van Wet 5 van 1952, artikel 45 van Wet 61 van 1956, artikel 20 van Wet 63 van 1962, artikel 113 van Wet 88 van 1963 en artikel 55 van Wet 23 van 1969.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Amendment of section 34 of Act 23 of 1934, as amended by section 1 of Act 16 of 1938, section 3 of Act 22 of 1949 and section 15 of Act 93 of 1970.

**5.** Section 34 of the Attorneys, Notaries and Conveyancers Admission Act, 1934, is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Any person who, on or before 1 July 1971—

(*a*) passed the examination in law known as the Attorneys Admission Examination, conducted and controlled by the Joint Committee referred to in section 16*duodec* (4) of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955), the Board for the Recognition of Examinations in Law established by section 16 of the said Act, or a university in the Republic, or an examination in law conducted by such a university and certified by the said Joint Committee or Board to be equivalent or superior to the firstmentioned examination; or

(*b*) was registered with a university in the Republic for an examination referred to in paragraph (*a*) and who passes such examination within a period of five years after the said date or within such longer period as the Board may approve in any particular case,

may, notwithstanding the provisions of section 10 (*a*) of this Act, be admitted as an attorney provided he complies with all the other requirements of this Act.".

Amendment of section 99 of Act 24 of 1936, as substituted by section 5 of Act 6 of 1972 and amended by section 30 of Act 90 of 1972.

**6.** Section 99 of the Insolvency Act, 1936, is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph (*c*) of the following paragraph:

"(*c*A) the amount of any customs, excise or sales duty or interest, fine or penalty which in terms of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), was, immediately prior to the sequestration of the estate, due by the insolvent;".

Amendment of section 2 of Act 47 of 1937, as amended by section 1 of Act 43 of 1957, section 1 of Act 43 of 1962, section 1 of Act 87 of 1965, section 2 of Act 61 of 1969 and section 2 of Act 3 of 1972.

**7.** Section 2 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (*a*), of the following words:

"(1) Subject to the laws governing the public service, there shall be appointed by the Minister—";

(*b*) by the insertion of the following subsections after subsection (1):

"(1A) Whenever the chief registrar of deeds or any registrar, deputy registrar or assistant registrar of deeds or of Rand townships is because of absence or for any other reason unable to carry out the functions of his office, or whenever such office becomes vacant, the Minister may authorize any officer in the public service to act in the place of such chief registrar, registrar, deputy registrar or assistant registrar during his absence or incapacity, or to act in the vacant office until the vacancy is filled, as the case may be.

(1B) The Minister may authorize any officer in the public service to act temporarily, and either generally or in a particular matter, as assistant registrar of deeds or of Rand townships, as the case may be, in respect of any deeds registry in addition to any assistant registrar or acting assistant registrar of such registry.

(1C) The Minister may delegate any power conferred on him by this section, to the Secretary or a Deputy Secretary of Justice."; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**5.** Artikel 34 van die Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers Wet, 1934, word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Iemand wat op of voor 1 Julie 1971—

(*a*) geslaag het in die regseksamen bekend as die Prokureurs Toelatingseksamen, afgeneem deur en onder toesig van die in artikel 16 *duodec* (4) van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), bedoelde Gemeenskaplike Komitee, die by artikel 16 van genoemde Wet ingestelde Raad vir die Erkenning van Regseksamens of 'n universiteit in die Republiek, of in 'n regseksamen deur so 'n universiteit afgeneem en deur genoemde Gemeenskaplike Komitee of Raad gesertifiseer as gelyk aan of hoër as die eersbedoelde eksamen; of

(*b*) by 'n universiteit in die Republiek vir 'n in paragraaf (*a*) bedoelde eksamen ingeskryf was en wat in sodanige eksamen slaag binne 'n tydperk van vyf jaar na die genoemde datum of binne die langer tydperk wat die genoemde Raad in 'n bepaalde geval goedkeur,

kan ondanks die bepalings van artikel 10 (*a*) van hierdie Wet as prokureur toegelaat word mits hy aan al die ander vereistes van hierdie Wet voldoen.".

**Wysiging van artikel 34 van Wet 23 van 1934, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 16 van 1938, artikel 3 van Wet 22 van 1949 en artikel 15 van Wet 93 van 1970.**

**6.** Artikel 99 van die Insolvensiewet, 1936, word hierby gewysig deur in subartikel (1) na paragraaf (*c*) die volgende paragraaf in te voeg:

„(*c*A) die bedrag van 'n doeane-, aksyns- of verkoopreg of rente, boete of pene wat ingevolge die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), onmiddellik voor die sekwestrasie van die boedel verskuldig was deur die insolvent;".

**Wysiging van artikel 99 van Wet 24 van 1936, soos vervang deur artikel 5 van Wet 6 van 1972 en gewysig deur artikel 30 van Wet 90 van 1972.**

**7.** Artikel 2 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

„(1) Daar word, met inagneming van die wetsbepalings op die Staatsdiens, deur die Minister aangestel—";

(*b*) deur na subartikel (1) die volgende subartikels in te voeg:

„(1A) Wanneer die hoofregistrateur van aktes of 'n registrateur, adjunk-registrateur of assistent-registrateur van aktes of van Randdorpe weens afwesigheid of om 'n ander rede nie in staat is om sy ampswerksaamhede te verrig nie, of wanneer so 'n amp vakant raak, kan die Minister 'n beampte in die Staatsdiens magtig om in die plek van bedoelde hoofregistrateur, registrateur, adjunk-registrateur of assistent-registrateur gedurende sy afwesigheid of onvermoë op te tree, of om in die vakante amp waar te neem totdat die vakature gevul word, na gelang van die geval.

(1B) Die Minister kan 'n beampte in die Staatsdiens magtig om tydelik, en òf in die algemeen òf in 'n bepaalde aangeleentheid, as assistent-registrateur van aktes of van Randdorpe, na gelang van die geval, ten opsigte van enige registrasiekantoor op te tree benewens enige assistent-registrateur of waarnemende assistent-registrateur van daardie kantoor.

(1C) Die Minister kan 'n bevoegdheid wat by hierdie artikel aan hom verleen word, aan die Sekretaris of 'n Adjunk-sekretaris van Justisie delegeer."; en

**Wysiging van artikel 2 van Wet 47 van 1937, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 43 van 1957, artikel 1 van Wet 43 van 1962, artikel 1 van Wet 87 van 1965, artikel 2 van Wet 61 van 1969 en artikel 2 van Wet 3 van 1972.**

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(c) by the substitution for the proviso to subsection (2) of the following proviso:

"Provided that this subsection shall not apply with reference to—

(a) the appointment as registrar of deeds of any person who held office as registrar of deeds in terms of the said proclamation or as an assistant registrar of deeds at the commencement of the said Deeds Registries Amendment Act, 1957; or

(b) the appointment as registrar or deputy registrar of Rand townships of any person who held office as assistant registrar of Rand townships at the commencement of the said section 2; or

(c) the authorization of any officer under subsection (1A) or (1B) to act as contemplated in the relevant subsection.".

Amendment of section 9 of Act 47 of 1937, as amended by section 3 of Act 3 of 1972.

**8.** (1) Section 9 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) A member appointed by an incorporated law society shall hold office for a period of three years.".

(2) A member of the board referred to in the said section 9 who was appointed as such member in the manner referred to in the said subsection (4) before the commencement of this section, shall hold office by virtue of that appointment for the period of one year for which he would have held it if subsection (1) of this section had not been passed.

Amendment of section 32 of Act 47 of 1937, as amended by section 14 of Act 43 of 1957, section 14 of Act 43 of 1962, section 12 of Act 87 of 1965 and section 4 of Act 61 of 1969.

**9.** Section 32 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended—

(a) by the insertion after subsection (5) of the following subsection:

"(5A) Whenever any right of servitude or right to minerals over land has been expropriated and formal cession of such right of servitude or right to minerals to the cessionary has not been effected, the registrar shall, on written application by the cessionary and the owner of the land or right to minerals, cancel any note of the expropriation in his registers or endorsement on the title deed of the land or the title under which the right to minerals is held, and thereupon the expropriated right of servitude or right to minerals shall vest in such owner."; and

(b) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) The provisions of subsections (5) and (5A) shall not affect the provisions of section 11 of the Railways Expropriation Act, 1955 (Act No. 37 of 1955).".

Substitution of section 63 of Act 47 of 1937, as amended by section 26 of Act 43 of 1962.

**10.** The following section is hereby substituted for section 63 of the Deeds Registries Act, 1937:

"Restriction on registration of rights in immovable property.

63. (1) No deed, or condition in a deed, purporting to create or embodying any personal right, and no condition which does not restrict the exercise of any right of ownership in respect of immovable property, shall be capable of registration: Provided that a deed containing such a condition as aforesaid may be registered if, in the opinion of the registrar, such condition is complementary or otherwise

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie met betrekking tot—

(a) die aanstelling as registrateur van aktes van iemand wat by die inwerkingtreding van die gemelde Wysigingswet op Registrasie van Aktes, 1957, die amp van registrateur van aktes ingevolge bedoelde proklamasie of van 'n assistent-registrateur van aktes beklee het; of

(b) die aanstelling as registrateur of adjunk-registrateur van Randdorpe van iemand wat by die inwerkingtreding van die gemelde artikel 2 die amp van assistent-registrateur van Randdorpe beklee het; of

(c) die magtiging van 'n beampte kragtens subartikel (1A) of (1B) om op te tree of waar te neem soos in die betrokke subartikel beoog.".

Wysiging van artikel 9 van Wet 47 van 1937, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 3 van 1972.

**8.** (1) Artikel 9 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) 'n Lid deur 'n met regspersoonlikheid beklede vereniging van regspraktisyns aangestel, beklee sy amp vir 'n tydperk van drie jaar.".

(2) 'n Lid van die raad in genoemde artikel 9 bedoel wat op die wyse in genoemde subartikel (4) bedoel as sodanige lid aangestel is voor die inwerkingtreding van hierdie artikel, beklee sy amp uit hoofde van daardie aanstelling vir die tydperk van een jaar waarvoor hy dit sou beklee het indien subartikel (1) van hierdie artikel nie aangeneem was nie.

Wysiging van artikel 32 van Wet 47 van 1937, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 43 van 1957, artikel 14 van Wet 43 van 1962, artikel 12 van Wet 87 van 1965 en artikel 4 van Wet 61 van 1969.

**9.** Artikel 32 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig—

(a) deur na subartikel (5) die volgende subartikel in te voeg:

„(5A) Wanneer 'n serwituutreg oor grond of reg op minerale daarop onteien is en formele sessie van daardie serwituutreg of reg op minerale aan die sessionaris nie geskied het nie, moet die registrateur op skriftelike aansoek deur die sessionaris en die eienaar van die grond of reg op minerale enige aantekening van die onteiening in sy registers of endossement op die titelbewys van die grond of die titel waarkragtens die reg op minerale gehou word, rojeer, en daarop berus die aldus onteiende serwituutreg of reg op minerale by bedoelde eienaar."; en

(b) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

„(6) Die bepalings van subartikels (5) en (5A) raak nie die bepalings van artikel 11 van die Spoorwegonteieningswet, 1955 (Wet No. 37 van 1955), nie.".

Vervanging van artikel 63 van Wet 47 van 1937, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 43 van 1962.

**10.** Artikel 63 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Beperking op registrasie van regte oor onroerende goed.

**63.** (1) Geen akte, of voorwaarde in 'n akte, wat 'n persoonlike reg in verband met onroerende goed heet te vestig of waarin so 'n reg uitgedruk staan, en geen voorwaarde wat nie die uitoefening van eiendomsreg in verband met onroerende goed beperk nie, is vir registrasie vatbaar nie: Met dien verstande dat 'n akte wat so 'n voorwaarde soos voormeld bevat, geregistreer kan word indien, volgens die mening van die registrateur, daardie

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





ancillary to a registrable condition or right contained or conferred in such deed.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply with reference to any condition in a mortgage bond or lease or in a deed referred to in section 3 (1) (*c*), (*i*), (*m*), (*p*) or (*q*).".

Amendment of section 1 of Act 27 of 1956, as amended by section 1 of Act 51 of 1959, section 1 of Act 46 of 1964, section 1 of Act 91 of 1965, section 1 of Act 42 of 1968 and section 1 of Act 40 of 1971.

**11.** Section 1 of the Mines and Works Act, 1956, is hereby amended by the substitution for the second proviso to the definition of "boiler" of the following proviso:

"Provided further that—

(i) a steam generator fitted with a standpipe or riser which is vented directly to the atmosphere and the vent of which is of such dimensions as to prevent the development of any pressure exceeding 35 kPa within the vessel and provided that no valve or other obstruction is inserted in the standpipe or riser to prevent the vessel from freely venting to the atmosphere; or

(ii) any apparatus in which the product of the manufacturer's intended maximum working pressure in kilopascal and the volume in cubic metres does not exceed the figure 10,

shall not be deemed to be a boiler;".

Amendment of section 12 of Act 27 of 1956, as amended by section 11 of Act 46 of 1964, section 3 of Act 91 of 1965, section 6 of Act 42 of 1968 and section 5 of Act 40 of 1971.

**12.** Section 12 of the Mines and Works Act, 1956, is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph (*g*) of the following paragraphs:

"(*g*A) the prevention and combating of pollution of the air, land or sea which arises or may possibly arise in the course of the operations involved in prospecting or mining for any mineral or after such operations have ceased;

(*g*B) the making safe of undermined ground and of dangerous slimes dams, waste dumps, ash dumps, shafts, holes, trenches or excavations of whatever nature made in the course of prospecting or mining operations, the imposition of monetary and other obligations in connection with such safe-making on persons who are or were responsible for the undermining of such ground or the making of such slimes dams, waste dumps, ash dumps, shafts, holes, trenches or excavations or for the dangerous condition thereof, or who will benefit from such safe-making, and the assumption by the State of responsibility or co-responsibility for such safe-making in particular cases;".

Substitution of section 17 of Act 33 of 1957, as amended by section 5 of Act 45 of 1961.

**13.** The following section is hereby substituted for section 17 of the Interpretation Act, 1957:

"A list of certain proclamations and government notices to be laid before Parliament.

**17.** When the State President or a Minister is by any law authorized to make rules or regulations for any purpose in such law stated, notwithstanding the provisions of any law to the contrary, a list of the proclamations and government notices under which such rules or regulations were published in the *Gazette* during the period covered in the list, stating in each case the number, date and title of the proclamation or government notice and the number and date of the *Gazette* in which it was published, shall be laid upon the Table in the Senate and in the House of Assembly within fourteen days after the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



voorwaarde aanvullend is tot of andersins diensbaar is aan 'n registreerbare voorwaarde of reg wat in dié akte vervat is of verleen word.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie met betrekking tot 'n voorwaarde in 'n verbandakte of huurkontrak of in 'n akte in artikel 3 (1) (*c*), (*l*), (*m*), (*p*) of (*q*) bedoel, van toepassing nie.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 27 van 1956, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 51 van 1959, artikel 1 van Wet 46 van 1964, artikel 1 van Wet 91 van 1965, artikel 1 van Wet 42 van 1968 en artikel 1 van Wet 40 van 1971.

**11.** Artikel 1 van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956, word hierby gewysig deur die tweede voorbehoudsbepaling by die omskrywing van „stoomketel" deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande voorts dat—

(i) 'n stoomontwikkelaar toegerus met 'n staan- of stygpyp wat regstreeks in die atmosfeer ontlug en waarvan die afmetings van die ontlugter sodanig is dat die ontwikkeling van 'n druk hoër as 35 kPa binne die houer voorkom word, en mits geen klep of ander versperring in die staan- of stygpyp geplaas word wat verhoed dat die houer vrylik in die atmosfeer ontlug nie; of

(ii) 'n apparaat waarvan die produk van die vervaardiger se bedoelde maksimum werkdruk in kilopascal en die volume in kubieke meter nie die syfer 10 oorskry nie,

nie as 'n stoomketel beskou word nie.".

Wysiging van artikel 12 van Wet 27 van 1956, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 46 van 1964, artikel 3 van Wet 91 van 1965, artikel 6 van Wet 42 van 1968 en artikel 5 van Wet 40 van 1971.

**12.** Artikel 12 van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956, word hierby gewysig deur in subartikel (1) na paragraaf (*g*) die volgende paragrawe in te voeg:

„(*g*A) die voorkoming en bekamping van besoedeling van die lug, grond of see wat ontstaan of moontlik kan ontstaan in die loop van werksaamhede betrokke by die prospekteer na of myn vir 'n delfstof of nadat sodanige werksaamhede gestaak is;

(*g*B) die veiligmaking van ondermynde grond en van gevaarlike slikdamme, uitskothope, ashope, skagte, gate, slote of uitgrawings van watter aard ook al wat in die loop van prospekteer- of mynwerksaamhede gemaak is, die oplegging van geldelike en ander verpligtings in verband met sodanige veiligmaking op persone wat vir die ondermyning van sodanige grond of die maak van sodanige slikdamme, uitskothope, ashope, skagte, gate, slote of uitgrawings of vir die gevaarlike toestand daarvan verantwoordelik is of was, of wat deur sodanige veiligmaking bevoordeel sal word, en die aanvaarding deur die Staat van verantwoordelikheid of mede-verantwoordelikheid vir sodanige veiligmaking in bepaalde gevalle;".

Vervanging van artikel 17 van Wet 33 van 1957, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 45 van 1961.

**13.** Artikel 17 van die Interpretasiewet, 1957, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„'n Lys van sekere proklamasies en goewermentskennisgewings moet aan die Parlement voorgelê word.

**17.** Wanneer die Staatspresident of 'n Minister deur 'n wet gemagtig word om reëls of regulasies uit te vaardig vir 'n in daardie wet vermelde doel, moet, ondanks andersluidende wetsbepalings, 'n lys van die proklamasies en goewermentskennisgewings waarkragtens bedoelde reëls of regulasies gedurende die tydperk wat in die lys gedek word, in die *Staatskoerant* gepubliseer is, met vermelding in elke geval van die nommer, datum en titel van die proklamasie of goewermentskennisgewing en die nommer en datum van die *Staatskoerant* waarin dit gepubliseer is, in die Senaat en die Volksraad ter Tafel gelê word

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





publication of the rules or regulations in the *Gazette*, if Parliament is then in session, or if Parliament is not then in session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing session.".

Amendment of section 4 of Act 8 of 1959, as substituted by section 48 of Act 70 of 1968.

**14.** Section 4 of the Prisons Act, 1959, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The State President may from time to time, by commission under his hand or bearing a replica of his signature, appoint a commissioned officer, to be styled the Commissioner of Prisons, and such other commissioned officers as he may deem necessary.".

Amendment of section 56 of Act 8 of 1959, as amended by section 12 of Act 62 of 1966 and section 15 of Act 101 of 1969.

**15.** Section 56 of the Prisons Act, 1959, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The record of the trial of any case in which a sentence has been imposed in terms of section 54 and which has not been dealt with under subsections (1) and (2) of this section, shall, if the Commissioner so requests, be transmitted to him in the manner and within the period prescribed by regulation and, upon consideration thereof, he may, as in his opinion justice may require, confirm, set aside or alter the conviction and confirm or set aside, or reduce, increase or otherwise alter the sentence, or correct the proceedings.".

Substitution of section 77 of Act 8 of 1959.

**16.** The following section is hereby substituted for section 77 of the Prisons Act, 1959:

"Training, treatment and labour of prisoners.

**77.** Every prisoner sentenced to imprisonment and detained in a prison shall, subject to the provisions of this Act and subject also to any special order of the court, be employed, trained and treated in such manner as the Commissioner may determine, and such a prisoner shall at all times perform such labour, tasks and other duties as may be assigned to him, for the purposes of such employment, training or treatment or for any other purpose connected with such prison, by the member of the Prisons Service in charge of such prison or by any other member of the Prisons Service in whose charge he may be.".

Amendment of section 94 of Act 8 of 1959, as amended by section 37 of Act 80 of 1964, section 24 of Act 75 of 1965, section 17 of Act 101 of 1969 and section 8 of Act 92 of 1970.

**17.** (1) Section 94 of the Prisons Act, 1959, is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph *(b)bis* of the following paragraph:

"*(b)ter* the establishment, management and control of a fund into which may be paid such moneys as are voluntarily contributed or collected for that purpose by members of the Prisons Service or other persons or as may accrue to such fund from any other source, and the purposes for which any moneys in such fund may be utilized or the manner in which such purposes may be determined;".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 January 1966.

Amendment of section 3 of Act 59 of 1959, as amended by section 2 of Act 15 of 1969.

**18.** (1) Section 3 of the Supreme Court Act, 1959, is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Any court of the Durban and Coast or the Witwatersrand or the South-Eastern Cape local division shall be presided over by a judge of the provincial division

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



binne veertien dae nadat die reëls of regulasies in die *Staatskoerant* gepubliseer is, indien die Parlement dan byeen is, of, indien die Parlement dan nie byeen is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie.".

Wysiging van artikel 4 van Wet 8 van 1959, soos vervang deur artikel 48 van Wet 70 van 1968.

**14.** Artikel 4 van die Wet op Gevangenisse, 1959, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Staatspresident kan van tyd tot tyd, by kommissie onder sy handtekening of met 'n replika van sy handtekening daarop, 'n offisier, wat as die Kommissaris van Gevangenisse bekend staan, en die ander offisiere wat hy nodig ag, aanstel.".

Wysiging van artikel 56 van Wet 8 van 1959, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 62 van 1966 en artikel 15 van Wet 101 van 1969.

**15.** Artikel 56 van die Wet op Gevangenisse, 1959, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) Die notule van verhoor van 'n saak waarin 'n vonnis ingevolge artikel 54 opgelê is en waarmee nie ingevolge subartikels (1) en (2) van hierdie artikel gehandel is nie, word, indien die Kommissaris daarom vra, op die wyse en binne die tydperk wat by regulasie voorgeskryf is, na hom deurgestuur en hy kan, na oorweging daarvan, na vereiste van die geregtigheid volgens sy oordeel, die skuldigbevinding bekragtig, ter syde stel of wysig en die vonnis bekragtig of ter syde stel, of versag, verskerp of andersins wysig, of die verrigtinge verbeter.".

Vervanging van artikel 77 van Wet 8 van 1959.

**16.** Artikel 77 van die Wet op Gevangenisse, 1959, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Opleiding, behandeling en arbeid van gevangenes.

77. Elke gevangene wat tot gevangenisstraf gevonnis is en in 'n gevangenis aangehou word, moet, onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet en onderworpe ook aan enige spesiale bevel van die hof, besig gehou, opgelei en behandel word op die wyse wat die Kommissaris bepaal, en so 'n gevangene moet te alle tye die arbeid, take en ander pligte verrig wat, vir die doeleindes van bedoelde besighouding, opleiding of behandeling of vir enige ander doel wat met bedoelde gevangenis in verband staan, aan hom opgedra word deur die lid van die Gevangenisdiens aan die hoof van bedoelde gevangenis of deur enige ander lid van die Gevangenisdiens onder wie se toesig hy is.".

Wysiging van artikel 94 van Wet 8 van 1959, soos gewysig deur artikel 37 van Wet 80 van 1964, artikel 24 van Wet 75 van 1965, artikel 17 van Wet 101 van 1969 en artikel 8 van Wet 92 van 1970.

**17.** (1) Artikel 94 van die Wet op Gevangenisse, 1959, word hierby gewysig deur in subartikel (1) na paragraaf (*b*)*bis* die volgende paragraaf in te voeg:

„(*b*)*ter* die instelling, bestuur en beheer van 'n fonds waarin die gelde gestort kan word wat vrywilliglik deur lede van die Gevangenisdiens of ander persone vir dié doel bygedra of ingesamel word of wat uit 'n ander bron aan bedoelde fonds toeval, en die doeleindes waarvoor gelde in bedoelde fonds aangewend kan word of die wyse waarop sodanige doeleindes bepaal kan word;".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Januarie 1966 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 3 van Wet 59 van 1959, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 15 van 1969.

**18.** (1) Artikel 3 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) 'n Hof van die plaaslike afdeling Durban en Kus of die Witwatersrandse of die Suidoos-Kaapse plaaslike afdeling word gehou voor 'n regter van die provinsiale

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



which in terms of section 6 (2) has concurrent jurisdiction in the area of the local division concerned.".

(2) Subsection (1) shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Amendment of section 6 of Act 59 of 1959, as amended by section 3 of Act 15 of 1969.

**19.** (1) Section 6 of the Supreme Court Act, 1959, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The provincial divisions of the Transvaal and Natal and the Eastern Cape division shall exercise concurrent jurisdiction in the areas of jurisdiction of the Witwatersrand, the Durban and Coast and the South-Eastern Cape local divisions respectively.";

(*b*) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) A plaintiff residing in the area of jurisdiction of the Eastern Cape division may at all times institute an action in the court of the Cape of Good Hope provincial division against a defendant residing in that area, on any cause of action arising in that area, but no action shall be so instituted unless either the leave of the court of the Eastern Cape division or, if the South-Eastern Cape local division has jurisdiction, of the court of that local division has been obtained or the parties to the action have in writing agreed that it be instituted in the Cape of Good Hope provincial division."; and

(*c*) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The State President may by proclamation in the *Gazette* amend the First Schedule by excluding from the area of jurisdiction of a division any area included therein or by including therein any additional area or by adjusting the description of any such area of jurisdiction to any change in the designation of an area forming part thereof.".

(2) Subsection (1) (*a*) and (*b*) shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Amendment of First Schedule to Act 59 of 1959, as substituted by section 11 of Act 15 of 1969 and amended by section 9 of Act 92 of 1970.

**20.** (1) The First Schedule to the Supreme Court Act, 1959, is hereby amended by the addition of the following descriptions in the appropriate columns for name of division, seat of court and area of jurisdiction respectively:

| | | |
|---|---|---|
| "South-Eastern Cape Local Division of the Supreme Court of South Africa | Port Elizabeth | The magisterial districts of Port Elizabeth, Kirkwood, Uitenhage, Hankey, Humansdorp and Steytlerville". |

(2) Subsection (1) shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Substitution of First Schedule to Act 73 of 1959, as substituted by section 10 of Act 92 of 1970.

**21.** (1) The following Schedule is hereby substituted for the First Schedule to the Judges' Remuneration and Pensions Act, 1959:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



afdeling wat ingevolge artikel 6 (2) in die gebied van die betrokke plaaslike afdeling konkurrente jurisdiksie het.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

**Wysiging van artikel 6 van Wet 59 van 1959, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 15 van 1969.**

**19.** (1) Artikel 6 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die provinsiale afdelings van Transvaal en Natal en die Oos-Kaapse afdeling oefen onderskeidelik konkurrente jurisdiksie uit in die regsgebiede van die plaaslike afdelings van die Witwatersrand, Durban en Kus en die Suidoos-Kaap.";

(*b*) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) 'n Eiser wat binne die regsgebied van die Oos-Kaapse afdeling woon, kan te alle tye 'n aksie in die hof van die provinsiale afdeling van die Kaap die Goeie Hoop instel teen 'n verweerder wat in daardie gebied woon op 'n eisoorsaak wat in daardie gebied ontstaan, maar geen aksie word aldus ingestel nie tensy òf verlof van die hof van die Oos-Kaapse afdeling of, indien die Suidoos-Kaapse plaaslike afdeling jurisdiksie het, van die hof van daardie plaaslike afdeling verkry is òf die partye by die aksie skriftelik ooreengekom het dat dit in die provinsiale afdeling van die Kaap die Goeie Hoop ingestel word."; en

(*c*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* die Eerste Bylae wysig deur 'n gebied wat binne die regsgebied van 'n afdeling val daarvan uit te sluit of deur 'n addisionele gebied daarby in te sluit of deur die beskrywing van so 'n regsgebied aan te pas by 'n verandering in die benaming van 'n gebied wat deel daarvan uitmaak.".

(2) Subartikel (1) (*a*) en (*b*) tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

**Wysiging van die Eerste Bylae by Wet 59 van 1959, soos vervang deur artikel 11 van Wet 15 van 1969 en gewysig deur artikel 9 van Wet 92 van 1970.**

**20.** (1) Die Eerste Bylae by die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby gewysig deur die volgende omskrywings in die gepaste kolomme vir onderskeidelik naam van afdeling, setel van hof en regsgebied by te voeg:

| | | |
|---|---|---|
| „Suidoos-Kaapse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika | Port Elizabeth | Die landdrosdistrikte Port Elizabeth, Kirkwood, Uitenhage, Hankey, Humansdorp en Steytlerville". |

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

**Vervanging van Eerste Bylae by Wet 73 van 1959, soos vervang deur artikel 10 van Wet 92 van 1970.**

**21.** (1) Die Eerste Bylae by die Wet op Besoldiging en Pensioene van Regters, 1959, word hierby deur die volgende Bylae vervang:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





**"First Schedule**

| *Designation of office* | *Salary per annum* |
|---|---|
| Chief Justice of South Africa . . . . | R19 000 |
| Judge of Appeal . . . . . . . . . | R18 000 |
| Judge President . . . . . . . . . | R17 000 |
| Judge . . . . . . . . . . . . . | R16 000". |

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1973.

Amendment of section 55 of Act 32 of 1961, as amended by section 20 of Act 101 of 1969 and section 20 of Act 102 of 1972.

**22.** (1) Section 55 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, is hereby amended by the substitution for subparagraph (vi) of paragraph (*d*) of the following subparagraph:

"(vi) a member of any council, committee, board or similar body established by or under any law, who receives no payment in respect of his services on such council, committee, board or body in excess of an allowance at a rate not exceeding the amount determined by the Minister of Finance by notice in the *Gazette* from time to time for each day on which he renders such services, any reimbursement of travelling expenses incurred by him in the course of such services and an allowance in respect of entertaining by him in connection with such services.".

(2) Subsection (1) shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Amendment of section 16 of Act 63 of 1962, as amended by section 93 of Act 42 of 1964, section 19 of Act 98 of 1965 and section 5 of Act 30 of 1972.

**23.** Section 16 of the Bantu Beer Act, 1962, is hereby amended by the substitution for paragraph (*j*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*j*) within an urban area sells or delivers to any person other than a person permitted under this Act to sell or supply Bantu beer, or a local authority or general dealer, any powder or other substance, which when added to water, whether with or without the addition of yeast, produces a liquid having the appearance and taste of Bantu beer,".

Amendment of section 6*bis* of Act 74 of 1962, as inserted by section 4 of Act 12 of 1965 and amended by section 2 of Act 83 of 1969.

**24.** Section 6*bis* of the Aviation Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) (*a*) Where the premises referred to in subsection (3) are, or any portion of such premises is, situated within an area designated for the entry and departure of international air traffic at the aerodrome in question, the Minister, in the exercise of his powers under subsection (1) (*a*), or any person to whom permission to sell intoxicating liquor on those premises was granted in terms of subsection (1) (*b*) and who has been authorized thereto by the Minister, may, subject, in the case of such a person, to such conditions as the Minister may impose when granting the authority or as may be prescribed—

(i) in such premises or in the portion thereof situated within such area, as the case may be, sell or supply intoxicating liquor to a Bantu as defined in the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950);

(ii) notwithstanding the provisions of section 104 of the Liquor Act, 1928, permit any female of or above the age of eighteen years to be in any restricted portion of those premises situated within such area.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



„**Eerste Bylae**

| *Naam van Amp* | *Salaris per jaar* |
|---|---|
| Hoofregter van Suid-Afrika . . . . . | R19 000 |
| Appèlregter . . . . . . . . . . | R18 000 |
| Regter-president . . . . . . . . | R17 000 |
| Regter . . . . . . . . . . . . | R16 000". |

(2) Subartikel (1) word geag op 1 April 1973 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 55 van Wet 32 van 1961, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 101 van 1969 en artikel 20 van Wet 102 van 1972.

**22.** (1) Artikel 55 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, word hierby gewysig deur subparagraaf (vi) van paragraaf (*d*) deur die volgende subparagraaf te vervang:

„(vi) 'n lid van 'n raad, komitee of soortgelyke liggaam by of kragtens wet ingestel, wat nie ten opsigte van sy dienste in so 'n raad, komitee of liggaam betaling ontvang nie bo en behalwe 'n toelae volgens 'n skaal van hoogstens die bedrag van tyd tot tyd deur die Minister van Finansies by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal vir elke dag waarop hy bedoelde dienste lewer, vergoeding van reiskoste deur hom in die loop van dié dienste aangegaan en 'n toelae ten opsigte van onthaal deur hom in verband met dié dienste.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Wysiging van artikel 16 van Wet 63 van 1962, soos gewysig deur artikel 93 van Wet 42 van 1964, artikel 19 van Wet 98 van 1965 en artikel 5 van Wet 30 van 1972.

**23.** Artikel 16 van die Wet op Bantoebier, 1962, word hierby gewysig deur paragraaf (*j*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*j*) in 'n stadsgebied aan iemand behalwe 'n persoon wat kragtens hierdie Wet toegelaat word om Bantoebier te verkoop of te verskaf of 'n plaaslike bestuur of algemene handelaar, enige poeier of ander stof verkoop of lewer wat, wanneer dit by water gevoeg word, hetsy met of sonder die byvoeging van suurdeeg, 'n vloeistof voortbring wat die voorkoms en smaak van Bantoebier het,".

Wysiging van artikel 6*bis* van Wet 74 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 12 van 1965 en gewysig deur artikel 2 van Wet 83 van 1969.

**24.** Artikel 6*bis* van die Lugvaartwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) (*a*) Waar die gebou in subartikel (3) bedoel of 'n gedeelte van sodanige gebou in 'n gebied geleë is wat vir die binnekoms en vertrek van internasionale lugverkeer by die betrokke vliegveld aangewys is, kan die Minister, by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens subartikel (1) (*a*), of 'n persoon aan wie ingevolge subartikel (1) (*b*) toestemming verleen is om in daardie gebou sterk drank te verkoop en wat deur die Minister daartoe gemagtig is, onderworpe, in die geval van so 'n persoon, aan die voorwaardes wat die Minister oplê wanneer hy die magtiging verleen of wat voorgeskryf is—

(i) in daardie gebou of in die gedeelte daarvan wat in bedoelde gebied geleë is, na gelang van die geval, sterk drank verkoop of verskaf aan 'n Bantoe soos omskryf in die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950);

(ii) ondanks die bepalings van artikel 104 van die Drankwet, 1928, 'n vrouspersoon van of bo die ouderdom van agtien jaar in 'n beperkte gedeelte van daardie gebou wat in bedoelde gebied geleë is, toelaat.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(*b*) A Bantu as so defined may obtain and possess, for the purpose for which it is sold or supplied to him, any intoxicating liquor sold or supplied to him by virtue of authority conferred by or under paragraph (*a*) (i).".

Amendment of section 22 of Act 74 of 1962, as amended by section 5 of Act 12 of 1965 and section 3 of Act 83 of 1969.

**25.** Section 22 of the Aviation Act, 1962, is hereby amended by the insertion in subsection (1), after subparagraph (vi)*bis* of paragraph (*e*), of the following subparagraph:

"(vi)*ter* the conditions subject to which any female may in terms of paragraph (*a*) (ii) of section 6*bis* (5) be permitted to be in any restricted portion of premises referred to in that paragraph;".

Insertion of section 8A in Act 26 of 1963.

**26.** The following section is hereby inserted in the Publications and Entertainments Act, 1963, after section 8:

"Review by board of certain statements or decisions in respect of certain publications or objects or goods.

**8A.** (1) The Minister may at any time direct the board to review—

(*a*) any statement made by the board before or after the commencement of this section under section 8 (1) (*a*) in respect of any publication or object; or

(*b*) any decision given by the board before or after the commencement of this section under section 113 (3) of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), in respect of goods,

and the board shall, in the case of any statement referred to in paragraph (*a*), decide whether or not the publication or object in question is undesirable and, in the case of a decision referred to in paragraph (*b*), decide whether or not the goods in question are indecent or obscene or objectionable.

(2) The board shall before reviewing a statement or decision referred to in subsection (1), request any person who has a direct financial interest in the publication or object or goods in question, to submit to the board in writing within a period determined in that request, any representations which he may wish to make.

(3) If the board after reviewing a statement or decision referred to in subsection (1), and after consideration of the representations referred to in subsection (2) (if any)—

(i) decides that the publication or object or goods in question are undesirable or indecent or obscene or objectionable, and if the board has previously stated or decided that the publication or object or goods in question are not undesirable or indecent or obscene or objectionable, the board shall withdraw its previous statement or decision and shall cause its decision, given under this paragraph, to be made known by notice in the *Gazette;*

(ii) decides that the publication or object or goods in question are not undesirable or indecent or obscene or objectionable, and if the board has previously stated or decided that the publication or object or goods in question are undesirable or indecent or obscene or objectionable, the board shall withdraw its previous statement or decision and shall cause to be withdrawn by like notice the notice whereby such previous statement or decision was made known in the *Gazette*.

(4) For the purposes of this Act any decision given by the board under subsection (3) in respect of—

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) 'n Bantoe soos aldus omskryf kan sterk drank wat uit hoofde van magtiging by of kragtens paragraaf (*a*) (i) verleen aan hom verkoop of verskaf is, verkry en besit vir die doel waarvoor dit aan hom verkoop of verskaf is.".

**Wysiging van artikel 22 van Wet 74 van 1962, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 12 van 1965 en artikel 3 van Wet 83 van 1969.**

**25.** Artikel 22 van die Lugvaartwet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (1) na subparagraaf (vi)*bis* van paragraaf (*e*) die volgende subparagraaf in te voeg:

„(vi)*ter* die voorwaardes onderworpe waaraan 'n vrouspersoon ingevolge paragraaf (*a*) (ii) van artikel 6*bis* (5) in 'n beperkte gedeelte van 'n gebou in daardie paragraaf bedoel, toegelaat mag word;".

**Invoeging van artikel 8A in Wet 26 van 1963.**

**26.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, na artikel 8 ingevoeg:

„Hersiening deur raad van sekere verklarings of beslissings ten opsigte van sekere publikasies of voorwerpe of goedere.

**8A.** (1) Die Minister kan die raad te eniger tyd gelas om—

(*a*) 'n verklaring deur die raad voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel kragtens artikel 8 (1) (*a*) ten opsigte van 'n publikasie of voorwerp gedoen; of

(*b*) 'n beslissing deur die raad voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel kragtens artikel 113 (3) van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), ten opsigte van goedere gegee,

te hersien, en die raad moet, in die geval van 'n verklaring in paragraaf (*a*) bedoel, beslis of die betrokke publikasie of voorwerp ongewens is al dan nie en, in die geval van 'n beslissing in paragraaf (*b*) bedoel, beslis of die betrokke goedere onbetaamlik of onwelvoeglik of aanstootlik is al dan nie.

(2) Die raad moet, voordat hy 'n in subartikel (1) bedoelde verklaring of beslissing hersien, iemand wat 'n regstreekse geldelike belang by die betrokke publikasie of voorwerp of goedere het, versoek om binne 'n tydperk in daardie versoek bepaal, vertoë wat hy wil rig, skriftelik aan die raad voor te lê.

(3) Indien die raad na hersiening van 'n verklaring of beslissing in subartikel (1) vermeld, en na oorweging van die vertoë in subartikel (2) bedoel (as daar is)—

(i) beslis dat die betrokke publikasie of voorwerp of goedere ongewens of onbetaamlik of onwelvoeglik of aanstootlik is, en indien die raad tevore verklaar of beslis het dat die betrokke publikasie of voorwerp of goedere nie ongewens of onbetaamlik of onwelvoeglik of aanstootlik is nie, trek die raad sy vorige verklaring of beslissing in en laat hy sy beslissing, gegee kragtens hierdie paragraaf, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak;

(ii) beslis dat die betrokke publikasie of voorwerp of goedere nie ongewens of onbetaamlik of onwelvoeglik of aanstootlik is nie, en indien die raad tevore verklaar of beslis het dat die betrokke publikasie of voorwerp of goedere ongewens of onbetaamlik of onwelvoeglik of aanstootlik is, trek die raad sy vorige verklaring of beslissing in en laat hy die kennisgewing waarby sodanige vorige verklaring of beslissing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is, by dergelike kennisgewing intrek.

(4) By die toepassing van hierdie Wet word 'n beslissing wat deur die raad kragtens subartikel (3) ten opsigte van—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*a*) a publication or object, shall be deemed to be a statement made by the board under section 8 (1) (*a*) in respect of such publication or object;

(*b*) any goods, shall be deemed to be a decision given by the board under section 113 (3) of the Customs and Excise Act, 1964, in respect of such goods.

(5) Notwithstanding the provisions of section 14 (4), a decision of the court under section 14 (2) or (3) shall for the purposes of subsection (1) of this section not be deemed to be a decision of the board.

(6) The Minister shall not direct the board under subsection (1) to review any statement or decision—

(*a*) unless the period referred to in section 14 (1) within which an appeal may be noted against that statement or decision, has elapsed;

(*b*) if an appeal noted under section 14 (1) against that statement or decision, is pending;

(*c*) if that statement or decision has already been reviewed by the board by virtue of a direction given under subsection (1).

(7) For the purposes of this section 'goods' shall mean goods referred to in section 113 (3) of the Customs and Excise Act, 1964.".

Insertion of section 9A in Act 26 of 1963.

**27.** The following section is hereby inserted in the Publications and Entertainments Act, 1963, after section 9:

"Review by board of certain decisions on cinematograph films.

**9A.** (1) The Minister may at any time direct the board to review any decision given by the board before or after the commencement of this section under section 9 in respect of any cinematograph film.

(2) The board shall before reviewing any decision referred to in subsection (1), request any person who has a direct financial interest in the cinematograph film in question to submit to the board in writing within a period determined by the board any representations he may wish to make.

(3) The board shall after having examined the cinematograph film in question and after consideration of the representations referred to in subsection (2) (if any), confirm, vary or set aside the decision in question.

(4) If the board—

(*a*) in the case of a cinematograph film which has been previously approved under section 9—

(i) withdraws the approval of that cinematograph film; or

(ii) withdraws, varies or replaces any of the conditions of approval; or

(*b*) in the case of a cinematograph film which has been previously rejected under section 9, approves that cinematograph film, either unconditionally or subject to any of the conditions contemplated in section 9 (4),

it shall without delay cause its decision to be made known by notice published in the *Gazette*.

(5) When a notice is published in the *Gazette* under subsection (4) whereby a decision referred to in paragraph (*a*) of that subsection is made known, the certificate of approval, referred to in section 9 (3), which was issued in respect of the cinematograph film in question, as well as any copy of such certificate issued under this Act, shall lapse.

(6) (*a*) If the Minister has given a direction under subsection (1), the board may in writing request any person who has in his possession the

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*a*) 'n publikasie of voorwerp gegee is, geag 'n verklaring te wees wat deur die raad kragtens artikel 8 (1) (*a*) ten opsigte van daardie publikasie of voorwerp gedoen is;

(*b*) enige goedere gegee is, geag 'n beslissing te wees wat deur die raad kragtens artikel 113 (3) van die Doeane- en Aksynswet, 1964, ten opsigte van daardie goedere gegee is.

(5) Ondanks die bepalings van artikel 14 (4) word 'n beslissing van die hof kragtens artikel 14 (2) of (3) by die toepassing van subartikel (1) van hierdie artikel nie geag 'n beslissing van die raad te wees nie.

(6) Die Minister gelas nie die raad kragtens subartikel (1) om 'n verklaring of beslissing te hersien nie—

(*a*) tensy die in artikel 14 (1) vermelde tydperk waarin 'n appèl teen daardie verklaring of beslissing aangeteken kan word, verstryk het;

(*b*) indien 'n appèl kragtens artikel 14 (1) teen daardie verklaring of beslissing aangeteken, hangende is;

(*c*) indien daardie verklaring of beslissing reeds deur die raad uit hoofde van 'n lasgewing kragtens subartikel (1) gegee, hersien is.

(7) By die toepassing van hierdie artikel beteken ‚goedere' goedere in artikel 113 (3) van die Doeane- en Aksynswet, 1964, bedoel.".

Invoeging van artikel 9A in Wet 26 van 1963.

**27.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, na artikel 9 ingevoeg:

„Hersiening deur raad van sekere beslissings oor rolprente.

**9A.** (1) Die Minister kan die raad te eniger tyd gelas om 'n beslissing deur die raad voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel kragtens artikel 9 ten opsigte van 'n rolprent gegee, te hersien.

(2) Die raad moet, voordat hy 'n in subartikel (1) bedoelde beslissing hersien, iemand wat 'n regstreekse geldelike belang by die betrokke rolprent het, versoek om binne 'n tydperk deur die raad bepaal, vertoë wat hy wil rig skriftelik aan die raad voor te lê.

(3) Die raad moet nadat hy die betrokke rolprent ondersoek het en na oorweging van die vertoë in subartikel (2) bedoel (as daar is), die betrokke beslissing bekragtig, wysig of tersyde stel.

(4) Indien die raad—

(*a*) in die geval van 'n rolprent wat tevore kragtens artikel 9 goedgekeur is—

(i) die goedkeuring van daardie rolprent intrek; of

(ii) enige van die voorwaardes van goedkeuring intrek, wysig of vervang; of

(*b*) in die geval van 'n rolprent wat tevore kragtens artikel 9 afgekeur is, daardie rolprent òf onvoorwaardelik òf onderworpe aan enige van die in artikel 9 (4) beoogde voorwaardes goedkeur,

laat hy sy beslissing sonder versuim by kennisgewing gepubliseer in die *Staatskoerant*, bekend maak.

(5) Wanneer 'n kennisgewing kragtens subartikel (4) in die *Staatksoerant* gepubliseer word waarby 'n beslissing in paragraaf (*a*) van daardie subartikel vermeld, bekend gemaak word, verval die sertifikaat van goedkeuring, in artikel 9 (3) vermeld, wat ten opsigte van die betrokke rolprent uitgereik is, asook enige afskrif van so 'n sertifikaat wat kragtens hierdie Wet uitgereik is.

(6) (*a*) Indien die Minister 'n lasgewing kragtens subartikel (1) gegee het, kan die raad iemand wat die rolprent waarop die lasgewing betrek-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



cinematograph film to which the direction relates, to submit such cinematograph film to the board within the period specified in such request.

(b) The board shall on completion of the review cause such cinematograph film to be returned to such person.

(7) (a) Any person who has a direct financial interest in any cinematograph film and who feels aggrieved by any decision which was given by the board under subsection (4) in respect of that cinematograph film may, within a period of thirty days from the date on which that decision was made known in the *Gazette*, and on payment of the prescribed fee, appeal to the Minister against that decision in the prescribed manner.

(b) The provisions of subsections (2) and (3) of section 11 shall apply in respect of an appeal contemplated in paragraph (a).

(8) The Minister shall not direct the board under subsection (1) to review any decision—

(i) unless the period referred to in section 11 (1) within which an appeal may be noted against that decision, has elapsed;

(ii) if an appeal noted under section 11 (1) against that decision, is pending;

(iii) if that decision has already been reviewed by the board by virtue of a direction given under subsection (1).

(9) Notwithstanding the provisions of section 11 (3), a decision of the Minister under section 11 (2) shall for the purposes of subsection (1) of this section, not be deemed to be a decision of the board.

(10) The provisions of section 9 (8) shall apply in respect of any condition imposed or varied by the board under subsection (4) of this section.

(11) Any person who fails to comply with a request under subsection (6), shall be guilty of an offence.".

Insertion of section 12A in Act 26 of 1963.

**28.** The following section is hereby inserted in the Publications and Entertainments Act, 1963, after section 12:

"Review by board of certain decisions on public entertainments.

**12A.** (1) The Minister may at any time direct the board to review any decision given by the board before or after the commencement of this section under section 12 (1) and whereby the giving of any public entertainment or intended public entertainment referred to in section 12, or any part of such public entertainment, was prohibited or whereby any condition or conditions referred to in section 12 (1) (b) were imposed in respect of the giving of such public entertainment or any part thereof.

(2) If the Minister directs the board as contemplated in subsection (1), the board shall request the person who is in charge of the public entertainment in question or any person who has a direct financial interest in that public entertainment, to submit to the board in writing within a period determined in that request, any representations which he may wish to make.

(3) The board shall, after having considered the decision in question, and the representations (if any), submitted to it under subsection (2), confirm, vary or set aside the decision in question.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



king het, in sy besit het, skriftelik versoek om daardie rolprent binne die tydperk in sodanige versoek vermeld, aan die raad voor te lê.

(*b*) Die raad moet by voltooiing van die hersiening sodanige rolprent aan sodanige persoon laat terugbesorg.

(7) (*a*) Iemand wat 'n regstreekse geldelike belang by 'n rolprent het en wat hom veronreg ag deur 'n beslissing wat die raad kragtens subartikel (4) ten opsigte van daardie rolprent gegee het, kan binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop daardie beslissing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is, en by betaling van die voorgeskrewe gelde, op die voorgeskrewe wyse by die Minister teen daardie beslissing appèl aanteken.

(*b*) Die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel 11 is ten opsigte van 'n appèl in paragraaf (*a*) beoog van toepassing.

(8) Die Minister gelas nie die raad kragtens subartikel (1) om 'n beslissing te hersien nie—

(i) tensy die tydperk in artikel 11 (1) vermeld waarin 'n appèl teen daardie beslissing aangeteken kan word, verstryk het;

(ii) indien 'n appèl kragtens artikel 11 (1) teen daardie beslissing aangeteken, hangende is;

(iii) indien daardie beslissing reeds deur die raad uit hoofde van 'n lasgewing kragtens subartikel (1) gegee, hersien is.

(9) Ondanks die bepalings van artikel 11 (3), word 'n beslissing van die Minister kragtens artikel 11 (2) vir die doeleindes van subartikel (1) van hierdie artikel nie geag 'n beslissing van die raad te wees nie.

(10) Die bepalings van artikel 9 (8) is van toepassing ten opsigte van enige voorwaarde wat deur die raad kragtens subartikel (4) van hierdie artikel opgelê of gewysig is.

(11) Iemand wat versuim om aan 'n versoek kragtens subartikel (6) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.".

**Invoeging van artikel 12A in Wet 26 van 1963.**

**28.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, na artikel 12 ingevoeg:

„Hersiening deur raad van sekere beslissings oor openbare vermaaklikhede.

**12A.** (1) Die Minister kan die raad te eniger tyd gelas om 'n beslissing wat deur die raad voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel kragtens artikel 12 (1) gegee is en waardeur die hou van 'n in artikel 12 bedoelde openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid, of 'n gedeelte van so 'n openbare vermaaklikheid, verbied is, of waardeur 'n in artikel 12 (1) (*b*) bedoelde voorwaarde of voorwaardes ten opsigte van die hou van so 'n openbare vermaaklikheid of 'n gedeelte daarvan opgelê is, te hersien.

(2) Indien die Minister die raad gelas soos in subartikel (1) beoog, moet die raad die persoon wat in beheer van die betrokke openbare vermaaklikheid is of iemand wat 'n regstreekse geldelike belang by daardie openbare vermaaklikheid het, versoek om enige vertoë wat hy wil rig, binne 'n tydperk in daardie versoek bepaal, skriftelik aan die raad voor te lê.

(3) Die raad moet, nadat hy die betrokke beslissing, en die vertoë (as daar is), kragtens subartikel (2) aan hom voorgelê, oorweeg het, die betrokke beslissing bekragtig, wysig of tersyde stel.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(4) Notwithstanding the provisions of subsection (4) of section 14, a decision of the court under subsection (2) or (3) of that section shall for the purposes of subsection (1) of this section not be deemed to be a decision of the board.

(5) The Minister shall not direct the board under subsection (1) to review any decision—

(*a*) unless the period referred to in section 14 (1) within which an appeal may be noted against that decision, has elapsed;

(*b*) if an appeal noted under section 14 (1) against that decision, is pending;

(*c*) if that decision has already been reviewed by the board by virtue of a direction given under subsection (1).

(6) For the purposes of section 12 any condition imposed or varied by the board under subsection (3) of this section, shall be deemed to be a condition imposed under section 12 (1) (*b*).".

Amendment of section 53 of Act 88 of 1963, as amended by section 20 of Act 62 of 1966 and section 57 of Act 23 of 1969.

**29.** Section 53 of the Liquor Amendment Act, 1963, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(5) If no certificate of classification has in terms of section 71*bis* of the principal Act been issued on or before the thirty-first day of December, 1978, in respect of an accommodation establishment situated in the district of Hermes or in the area included in the district of Mount Currie in terms of Government Notice No. 1149 of the thirtieth day of June, 1972, and conducted under an hotel liquor licence granted before the commencement of section 4 of the General Law Amendment Act, 1973, and such licence is renewed under the principal Act for the year 1979, such renewal shall be deemed to have been granted in respect of a wine and malt liquor licence in respect of the premises concerned, and if a special right of off-sale under such hotel liquor licence has been authorized in terms of section 64 of the latter Act, such right shall as from the first day of January, 1979, be deemed to be confined to the sale of such liquor only as may, in terms of section 86 of the latter Act, be sold by the holder of a wine and malt liquor licence: Provided that the Minister may in any particular case upon written application and upon good and sufficient reasons shown, direct that for such period and subject to such conditions as he may deem fit, the provisions of this subsection shall not apply in respect of such hotel liquor licence or such right.".

Amendment of section 22 of Act 49 of 1964, as substituted by section 16 of Act 52 of 1968 and amended by section 24 of Act 101 of 1969, section 4 of Act 87 of 1970 and section 6 of Act 99 of 1972.

**30.** Section 22 of the Coloured Persons Representative Council Act, 1964, is hereby amended by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) (*a*) Any amount which the Council receives by way of a donation, contribution or bequest, or the realization of a donation, contribution or bequest, shall be deposited by the Council in an account or accounts with a bank referred to in subsection (3).

(*b*) The Council may issue a sum which shall not at any time exceed the total sum of any amounts so received, to defray expenditure in respect of matters assigned to the Council for management: Provided that if in terms of any condition attached to any such donation, contribution or bequest, the moneys concerned are to be applied for any other purpose, the council shall by resolution appropriate such moneys for application for such other purpose.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(4) Ondanks die bepalings van subartikel (4) van artikel 14, word 'n beslissing van die hof kragtens subartikel (2) of (3) van daardie artikel by die toepassing van subartikel (1) van hierdie artikel nie geag 'n beslissing van die raad te wees nie.

(5) Die Minister gelas nie die raad kragtens subartikel (1) om 'n beslissing te hersien nie—

(*a*) tensy die in artikel 14 (1) vermelde tydperk waarin 'n appèl teen daardie beslissing aangeteken kan word, verstryk het;

(*b*) indien 'n appèl kragtens artikel 14 (1) teen daardie beslissing aangeteken, hangende is;

(*c*) indien daardie beslissing reeds deur die raad uit hoofde van 'n lasgewing kragtens subartikel (1) gegee, hersien is.

(6) By die toepassing van artikel 12 word 'n voorwaarde wat deur die raad kragtens subartikel (3) van hierdie artikel opgelê of gewysig is, geag 'n voorwaarde te wees wat kragtens artikel 12 (1) (*b*) opgelê is.".

**Wysiging van artikel 53 van Wet 88 van 1963, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 62 van 1966 en artikel 57 van Wet 23 van 1969.**

**29.** Artikel 53 van die Drankwysigingswet, 1963, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

„(5) Indien geen klassifikasiesertifikaat op of voor die een-en-dertigste dag van Desember 1978 ingevolge artikel 71*bis* van die Hoofwet uitgereik word nie ten opsigte van 'n akkommodasie-inrigting wat in die distrik Hermes of in die gebied wat ingevolge Goewermentskennisgewing No. 1149 van die dertigste dag van Junie 1972 by die distrik Mount Currie ingelyf is, geleë is en wat bestuur word kragtens 'n hotel-dranklisensie wat voor die inwerkingtreding van artikel 4 van die Algemene Regswysigingswet, 1973, verleen is, en daardie lisensie vir die jaar 1979 kragtens die Hoofwet vernuwe word, word die vernuwing geag verleen te gewees het ten opsigte van 'n wyn- en bierlisensie in verband met die betrokke gebou, en indien 'n spesiale reg van buiteverbruik-verkoop kragtens daardie hotel-dranklisensie ingevolge artikel 64 van laasgenoemde Wet gemagtig is, word daardie reg vanaf die eerste dag van Januarie 1979 geag beperk te wees tot die verkoop van alleen die drank wat ingevolge artikel 86 van laasgenoemde Wet deur die houer van 'n wyn- en bier-lisensie verkoop mag word: Met dien verstande dat die Minister in enige besondere geval, op 'n skriftelike aanvraag en om gegronde en voldoende redes aangevoer, kan gelas dat, vir die tydperk en behoudens die voorwaardes wat hy goedvind, die bepalings van hierdie subartikel nie ten opsigte van bedoelde hotel-dranklisensie of bedoelde reg van toepassing is nie.".

**Wysiging van artikel 22 van Wet 49 van 1964, soos vervang deur artikel 16 van Wet 52 van 1968 en gewysig deur artikel 24 van Wet 101 van 1969, artikel 4 van Wet 87 van 1970 en artikel 6 van Wet 99 van 1972.**

**30.** Artikel 22 van die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad, 1964, word hierby gewysig deur na subartikel (3) die volgende subartikel in te voeg:

„(3A) (*a*) Enige bedrag wat die Raad ontvang by wyse van 'n skenking, bydrae of bemaking, of die tegeldemaking van 'n skenking, bydrae of bemaking, moet deur die Raad gestort word in 'n rekening of rekenings by 'n bank in subartikel (3) bedoel.

(*b*) Die Raad kan 'n bedrag wat die totale bedrag van bedrae aldus ontvang nie op enige tydstip te bowe mag gaan nie, uitbetaal ter bestryding van uitgawes ten aansien van aangeleenthede vir behartiging aan die Raad opgedra: Met dien verstande dat indien ingevolge 'n voorwaarde verbonde aan so 'n skenking, bydrae of bemaking, die betrokke gelde vir 'n ander doel aangewend moet word, die Raad sodanige gelde by besluit beskikbaar stel vir aanwending vir sodanige ander doel.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) No unspent balance of the said amounts shall be paid over to the Department of Coloured Relations and Rehoboth Affairs.

(d) The Council shall not without the prior approval of the Minister accept a donation, contribution or bequest for any purpose other than that for which moneys are appropriated in terms of subsection (1).".

Amendment of section 23 of Act 61 of 1965.

**31.** (1) Section 23 of the Indians Education Act, 1965, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister may by notice in the *Gazette* declare that regular attendance at a State school or State-aided school shall, to such extent and under such circumstances as may be specified in such notice, be compulsory for every Indian belonging to a category or class so specified.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 December 1972.

Amendment of section 45 of Act 28 of 1966, as substituted by section 60 of Act 70 of 1968.

**32.** Section 45 of the Agricultural Credit Act, 1966, is hereby amended by the substitution for the proviso of the following proviso:

"Provided that, if—

(a) assistance is rendered to any person under section 11 (a) for the purchase of immovable property; or

(b) assistance is rendered to any person for the purchase of immovable property in respect of which the date of acquisition by him, as determined in accordance with the definition of 'date of acquisition' in section 1 of the Transfer Duty Act, 1949 (Act No. 40 of 1949), is a date more than six months prior to the date of such person's application for assistance,

the purchase in question shall for the purpose of the levying and payment of transfer duty in terms of that Act, not be regarded as a transaction under this Act.".

Amendment of section 7 of Act 90 of 1967, as amended by section 1 of Act 34 of 1970.

**33.** (1) Section 7 of the Atomic Energy Act, 1967, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(5) (a) Except with the written authority of the board, no person other than the board shall manufacture or otherwise produce uranium hexafluoride ($UF_6$).

(b) Any authority under paragraph (a) may be granted subject to such conditions as the board may in its discretion impose.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 January 1973.

Amendment of section 6 of Act 39 of 1968.

**34.** Section 6 of the South-West Africa Constitution Act, 1968, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) The provisions of this section shall not be construed as prohibiting the delegation, under any ordinance, of a power, authority or function vested in the Administrator-in-Executive-Committee in terms of that ordinance or any other ordinance, to a person other than the Administrator.".

Amendment of section 12 of Act 39 of 1968, as amended by section 11 of Act 25 of 1969.

**35.** (1) Section 12 of the South-West Africa Constitution Act, 1968, is hereby amended by the substitution for the second proviso to paragraph (d) of subsection (2) of the following proviso:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) Geen onbestede saldo van bedoelde bedrae word aan die Departement van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede oorbetaal nie.

(d) Die Raad mag nie sonder die vooraf verkreë goedkeuring van die Minister 'n skenking, bydrae of bemaking vir 'n ander doel as dié waarvoor gelde ingevolge subartikel (1) bewillig word, aanvaar nie.".

**31.** (1) Artikel 23 van die Wet op Onderwys vir Indiërs, 1965, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 23 van Wet 61 van 1965.

„(1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat gereelde besoek aan 'n Staatskool of Staatsondersteunde skool verpligtend is, in die mate en onder die omstandighede in dié kennisgewing vermeld, vir elke Indiër wat behoort tot 'n kategorie of klas aldus vermeld.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Desember 1972 in werking te getree het.

**32.** Artikel 45 van die Wet op Landboukrediet, 1966, word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

Wysiging van artikel 45 van Wet 28 van 1966, soos vervang deur artikel 60 van Wet 70 van 1968.

„Met dien verstande dat, indien—

(a) bystand kragtens artikel 11 (a) aan iemand verleen word vir die aankoop van onroerende goed; of

(b) bystand aan iemand verleen word vir die aankoop van onroerende goed ten opsigte waarvan die datum van verkryging deur hom, soos vasgestel ooreenkomstig die omskrywing van ‚datum van verkryging' in artikel 1 van die Wet op Hereregte, 1949 (Wet No. 40 van 1949), 'n datum meer as ses maande voor die datum van sodanige persoon se aansoek om bystand is,

die betrokke aankoop, vir die doeleindes van die heffing en betaling van hereregte ingevolge daardie Wet, nie as 'n transaksie kragtens hierdie Wet beskou word nie.".

**33.** (1) Artikel 7 van die Wet op Atoomkrag, 1967, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

Wysiging van artikel 7 van Wet 90 van 1967, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 34 van 1970.

„(5) (a) Behalwe met die skriftelike magtiging van die raad, mag niemand anders as die raad uraanheksafluoried ($UF_6$) vervaardig of andersins voortbring nie.

(b) 'n Magtiging kragtens paragraaf (a) kan verleen word op die voorwaardes wat die raad na goeddunke oplê.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Januarie 1973 in werking te getree het.

**34.** Artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

Wysiging van artikel 6 van Wet 39 van 1968.

„(4) Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê dat dit die delegering, kragtens 'n ordonnansie, van 'n bevoegdheid, gesag of werksaamheid wat ingevolge daardie ordonnansie of 'n ander ordonnansie by die Administrateur-in-uitvoerende-komitee berus, aan iemand anders as die Administrateur belet nie.".

**35.** (1) Artikel 12 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968, word hierby gewysig deur die tweede voorbehoudsbepaling by paragraaf (d) van subartikel (2) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

Wysiging van artikel 12 van Wet 39 van 1968, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 25 van 1969.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"Provided further that the following persons shall not be deemed to hold an office of profit under the Administration of the territory or the Government of the Republic for the purposes of this paragraph, namely, a member of any council, board, committee or similar body established by or under any law who receives no payment in respect of his services on such council, board, committee or body in excess of an allowance at a rate not exceeding the amount determined by notice in the *Gazette* under section 55 (*d*) (vi) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), for each day on which he renders such services, any reimbursement of travelling expenses incurred by him in the course of such services and an allowance in respect of entertaining by him in connection with such services;".

(2) Subsection (1) shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

**Amendment of section 1 of Act 50 of 1969.**

**36.** (1) Section 1 of the University of the Western Cape Act, 1969, is hereby amended—

(*a*) by the deletion of the definition of "advisory council"; and

(*b*) by the deletion of the definition of "advisory senate".

(2) Paragraph (*a*) of subsection (1) shall come into operation on 1 January 1974.

**Amendment of section 3 of Act 50 of 1969.**

**37.** Section 3 of the University of the Western Cape Act, 1969, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The University shall be a body corporate capable in law of suing and being sued in its own name and, subject to the provisions of this Act, of purchasing or otherwise acquiring, holding, hiring, letting, selling, exchanging or otherwise alienating any property movable or immovable, of granting to any person any real right in or servitude on its property and of investing, lending and borrowing money."; and

(*b*) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) (*a*) The University shall not without the approval of the Minister borrow any money.

(*b*) The Minister, in consultation with the Minister of Finance, may guarantee the repayment of any loan granted by any person to the University, and the payment of the interest payable thereon.".

**Amendment of section 4 of Act 50 of 1969.**

**38.** (1) Section 4 of the University of the Western Cape Act, 1969, is hereby amended—

(*a*) by the deletion of paragraph (*d*); and

(*b*) by the deletion of paragraph (*f*).

(2) Paragraph (*a*) of subsection (1) shall come into operation on 1 January 1974.

**Repeal of section 9 of Act 50 of 1969.**

**39.** (1) Section 9 of the University of the Western Cape Act, 1969, is hereby repealed.

(2) Subsection (1) shall come into operation on 1 January 1974.

**Repeal of section 11 of Act 50 of 1969.**

**40.** Section 11 of the University of the Western Cape Act, 1969, is hereby repealed.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



„Met dien verstande voorts dat by die toepassing van hierdie paragraaf die volgende persone nie geag word 'n winsbetrekking onder die Administrasie van die gebied of die Regering van die Republiek te beklee nie, te wete, 'n lid van 'n raad, komitee of soortgelyke liggaam by of kragtens wet ingestel, wat nie ten opsigte van sy dienste in so 'n raad, komitee of liggaam betaling ontvang nie bo en behalwe 'n toelae volgens die skaal van hoogstens die bedrag by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal kragtens artikel 55 (*d*) (vi) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), vir elke dag waarop hy bedoelde dienste lewer, vergoeding van reiskoste deur hom in die loop van dié dienste aangegaan en 'n toelae ten opsigte van onthaal deur hom in verband met dié dienste;".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

**Wysiging van artikel 1 van Wet 50 van 1969.**

**36.** (1) Artikel 1 van die Wet op die Universiteit van Wes-Kaapland, 1969, word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van „adviserende raad" te skrap; en

(*b*) deur die omskrywing van „adviserende senaat" te skrap.

(2) Paragraaf (*a*) van subartikel (1) tree in werking op 1 Januarie 1974.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 50 van 1969.**

**37.** Artikel 3 van die Wet op die Universiteit van Wes-Kaapland, 1969, word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Universiteit is 'n regspersoon en kan in sy naam as eiser en verweerder in regte optree en, behoudens die bepalings van hierdie Wet, roerende en onroerende goed koop of op 'n ander wyse verkry, besit, huur, verhuur, verkoop, verruil of op 'n ander wyse vervreem, 'n saaklike reg of serwituut op sy goed aan iemand verleen en geld belê, uitleen en leen."; en

(*b*) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

„(2A) (*a*) Die Universiteit mag nie sonder die goedkeuring van die Minister geld leen nie.

(*b*) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, die terugbetaling van 'n lening deur iemand aan die Universiteit toegestaan, en die betaling van die rente betaalbaar daarop, waarborg.".

**Wysiging van artikel 4 van Wet 50 van 1969.**

**38.** (1) Artikel 4 van die Wet op die Universiteit van Wes-Kaapland, 1969, word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*d*) te skrap; en

(*b*) deur paragraaf (*f*) te skrap.

(2) Paragraaf (*a*) van subartikel (1) tree in werking op 1 Januarie 1974.

**Herroeping van artikel 9 van Wet 50 van 1969.**

**39.** (1) Artikel 9 van die Wet op die Universiteit van Wes-Kaapland, 1969, word hierby herroep.

(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 Januarie 1974.

**Herroeping van artikel 11 van Wet 50 van 1969.**

**40.** Artikel 11 van die Wet op die Universiteit van Wes-Kaapland, 1969, word hierby herroep.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





**Substitution of section 16 of Act 68 of 1969.**

**41.** (1) The following section is hereby substituted for section 16 of the Prescription Act, 1969:

"Application of this Chapter.

**16.** (1) Subject to the provisions of subsection (2) (*b*), the provisions of this chapter shall, save in so far as they are inconsistent with the provisions of any Act of Parliament which prescribes a specified period within which a claim is to be made or an action is to be instituted in respect of a debt or imposes conditions on the institution of an action for the recovery of a debt, apply to any debt arising after the commencement of this Act.

(2) The provisions of any law—

(*a*) which immediately before the commencement of this Act applied to the prescription of a debt which arose before such commencement; or

(*b*) which, if this Act had not come into operation, would have applied to the prescription of a debt which arose or arises out of an advance or loan of money made before 1 January 1974 by an insurer to any person in respect of an insurance policy issued by such insurer,

shall continue to apply to the prescription of the debt in question in all respects as if this Act had not come into operation.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 December 1970.

**Amendment of section 10 of Act 45 of 1971.**

**42.** Section 10 of the Bantu Affairs Administration Act, 1971, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*c*) of subsection (4) of the following paragraph:

"(*c*) there shall, in respect of any person so deemed so to have elected, be paid to the pension fund so established, out of the said municipal pension fund, an amount equal to the interest of the person concerned in the assets of the said municipal pension fund as calculated by the actuary of the said municipal pension fund in consultation with the actuary of the pension fund so established, and approved by the Minister of Social Welfare and Pensions;";

(*b*) by the insertion after paragraph (*c*) of subsection (4) of the following paragraph:

"(*c*A) if the amount of the interest calculated and approved in terms of paragraph (*c*) is, according to the certificate of an actuary nominated by the Minister of Social Welfare and Pensions for the purposes of this paragraph, less than the amount which, in terms of the regulations in force under the said Act, is payable to the pension fund so established in respect of the pensionable service of such person referred to in paragraph (*b*), the deficit shall be paid to that pension fund out of the Consolidated Revenue Fund.";

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Vervanging van artikel 16 van Wet 68 van 1969.**

**41.** (1) Artikel 16 van die Verjaringswet, 1969, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Toepassing van hierdie Hoofstuk.

**16.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) (*b*), is die bepalings van hierdie Hoofstuk, behalwe in soverre as wat dit onbestaanbaar is met die bepalings van 'n Parlementswet wat 'n bepaalde tydperk voorskryf waarin 'n eis of 'n aksie ten opsigte van 'n skuld ingestel moet word of voorwaardes vir die instelling van 'n aksie vir die invordering van 'n skuld voorskryf, van toepassing op enige skuld wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet ontstaan.

(2) Die wetsbepalings—

(*a*) wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van toepassing was op die verjaring van 'n skuld wat voor daardie inwerkingtreding ontstaan het; of

(*b*) wat, indien hierdie Wet nie in werking getree het nie, van toepassing sou gewees het op die verjaring van 'n skuld wat ontstaan het of ontstaan uit 'n voorskot of lening van geld wat voor 1 Januarie 1974 deur 'n versekeraar aan 'n persoon gemaak is ten opsigte van 'n versekeringspolis deur dié versekeraar uitgereik,

bly op die verjaring van die betrokke skuld van toepassing in alle opsigte asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Desember 1970 in werking te getree het.

**Wysiging van artikel 10 van Wet 45 van 1971.**

**42.** Artikel 10 van die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*c*) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*c*) word daar, ten opsigte van iemand wat aldus geag word aldus te gekies het, aan die aldus ingestelde pensioenfonds uit genoemde munisipale pensioenfonds 'n bedrag betaal gelyk aan die belang van die betrokke persoon in die bates van die genoemde munisipale pensioenfonds soos bereken deur die aktuaris van die genoemde munisipale pensioenfonds in oorleg met die aktuaris van die aldus ingestelde pensioenfonds en deur die Minister van Volkswelsyn en Pensioene goedgekeur;";

(*b*) deur na paragraaf (*c*) van subartikel (4) die volgende paragraaf in te voeg:

„(*c*A) indien die bedrag van die belang ingevolge paragraaf (*c*) bereken en goedgekeur, volgens die sertifikaat van 'n aktuaris deur die Minister van Volkswelsyn en Pensioene vir die doeleindes van hierdie paragraaf benoem, minder is as die bedrag wat, ingevolge die regulasies kragtens daardie Wet van krag, aan die pensioenfonds aldus ingestel, betaalbaar is ten opsigte van die in paragraaf (*b*) bedoelde pensioengewende diens van sodanige persoon, word die tekort uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds aan daardie pensioenfonds betaal.";

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*c*) by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (*d*) of subsection (4), of the following subparagraph:
"(i) an amount equal to the interest calculated and approved in terms of paragraph (*c*); and";

(*d*) by the substitution for subsection (15) of the following subsection:
"(15) (*a*) Subject to the provisions of paragraph (*b*), each board shall appoint one person as Chief Director, who shall be the chief executive officer of that board.
(*b*) No person shall be appointed as Chief Director of a board or as his deputy or assistant, or to such other post or posts under a board as the Minister may at any time designate whether generally or with reference to a particular board, unless the Minister has approved the appointment in writing."; and

(*e*) by the addition of the following subsection:
"(17) Where there exists in any province a medical aid fund or medical aid scheme for employees and retired employees, and their dependants, of local authorities in that province, the Minister, after consultation with the Administrator of that province, may by notice in the *Gazette* designate such fund or scheme as a fund or scheme also for employees and retired employees, and their dependants, of any board specified in such notice whose administration area falls wholly or partly within that province, and thereupon any board so specified shall, for the purposes of such fund or scheme and any law in terms of which it has been established or has been approved for any purpose, and notwithstanding anything to the contrary in such law contained, be deemed to be and at all relevant times to have been a local authority as contemplated in such law.".

**Amendment of section 2 of Act 54 of 1971.**

**43.** (1) Section 2 (1) of the National Roads Act, 1971, is hereby amended by the substitution in paragraph (*a*) for the words preceding subparagraph (i) of the following words:
"(*a*) as a charge on the Consolidated Revenue Fund, an amount of 1,754 cents of any customs or excise duty on a litre of petrol, kerosene, distillate fuel or residual fuel oil—".
(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1973.

Amendment of section 23 of Act 66 of 1971.

**44.** Section 23 of the Sectional Titles Act, 1971, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding the proviso of the following words:
"(1) If the right to occupy any part of a building in perpetuity is vested in any person by reason of the fact that he holds a share or shares in a company, the company or, if the company is not the owner of the building, the owner of the building shall, on the application of that person, take the steps contemplated in this Act for the purpose of conveying ownership to that person in respect of the part in question, whereupon the provisions of this Act shall apply with reference to the building in question and the land on which it is situated:".

Amendment of section 3 of Act 28 of 1973.

**45.** Section 3 of the Sishen-Saldanha Bay Railway Construction Act, 1973, is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (2) of the following paragraph:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) deur subparagraaf (i) van paragraaf (*d*) van subartikel (4) deur die volgende subparagraaf te vervang:
„(i) 'n bedrag gelyk aan die belang ingevolge paragraaf (*c*) bereken en goedgekeur; en";

(*d*) deur subartikel (15) deur die volgende subartikel te vervang:
„(15) (*a*) Behoudens die bepalings van paragraaf (*b*), stel elke raad een persoon aan as Hoofdirekteur, wat die hoof- uitvoerende beampte van daardie raad is.
(*b*) Niemand word as Hoofdirekteur van 'n raad of as sy adjunk of assistent, of in die ander pos of poste onder 'n raad wat die Minister te eniger tyd hetsy in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde raad aanwys, aangestel nie tensy die Minister die aanstelling skriftelik goedgekeur het."; en

(*e*) deur die volgende subartikel by te voeg:
„(17) Waar daar in 'n provinsie 'n mediese hulpfonds of mediese hulpskema vir werknemers en afgetrede werknemers, en hul afhanklikes, van plaaslike besture in daardie provinsie bestaan, kan die Minister, na oorlegpleging met die Administrateur van daardie provinsie, bedoelde fonds of skema by kennisgewing in die *Staatskoerant* aanwys as 'n fonds of skema ook vir werknemers en afgetrede werknemers, en hul afhanklikes, van 'n raad in die kennisgewing vermeld waarvan die administrasiegebied geheel of gedeeltelik in daardie provinsie geleë is, en daarop word 'n aldus vermelde raad, by die toepassing van bedoelde fonds of skema en enige wet ingevolge waarvan dit ingestel is of vir die een of ander doel goedgekeur is, en ondanks andersluidende bepalings van daardie wet, geag 'n plaaslike bestuur soos in daardie wet beoog, te wees en dit te alle tersaaklike tye te gewees het.".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 54 van 1971.**

**43.** (1) Artikel 2 (1) van die Wet op Nasionale Paaie, 1971, word hierby gewysig deur in paragraaf (*a*) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
„(*a*) ten laste van die Gekonsolideerde Inkomstefonds, 'n bedrag van 1,754 sent van doeane- of aksynsreg op 'n liter petrol, keroseen, distillaatbrandstof of residubrandolie—".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 April 1973 in werking te getree het.

**Wysiging van artikel 23 van Wet 66 van 1971.**

**44.** Artikel 23 van die Wet op Deeltitels, 1971, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:
„(1) Indien die reg om 'n gedeelte van 'n gebou ewigdurend te okkupeer in 'n persoon gevestig is uit hoofde van die feit dat hy 'n aandeel of aandele in 'n maatskappy besit, moet die maatskappy of, indien die maatskappy nie die eienaar van die gebou is nie, moet die eienaar van die gebou, op aansoek van daardie persoon, die in hierdie Wet bedoelde stappe doen ten einde eiendomsreg ten opsigte van die betrokke gedeelte aan daardie persoon oor te dra, waarop die bepalings van hierdie Wet van toepassing is met betrekking tot die betrokke gebou en die grond waarop dit geleë is:".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 28 van 1973.**

**45.** Artikel 3 van die Sishen-Saldanhabaai-spoorlynaanlegwet, 1973, word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"(*b*) subject to the provisions of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), alter the course of any river, canal, stream or watercourse for the purpose of constructing and maintaining tunnels, bridges, passages or other works over or under them, and divert or alter either temporarily or permanently the course of any river, canal, stream or watercourse, or any street, road or way, or raise or sink the level thereof, in order the more conveniently to carry them over, under or along the line of railway;".

Amendment of section 7 of Act 28 of 1973.

**46.** Section 7 of the Sishen-Saldanha Bay Railway Construction Act, 1973, is hereby amended by the addition to subsection (2) of the following paragraph, the existing subsection becoming paragraph (*a*):

"(*b*) The amount of compensation payable under paragraph (*a*) may be increased by an amount equal to ten percent of the amount of compensation so payable: Provided that such additional amount shall not exceed the amount of ten thousand rand.".

Amendment of section 10 of Act 28 of 1973.

**47.** Section 10 of the Sishen-Saldanha Bay Railway Construction Act, 1973, is hereby amended by the substitution for paragraph (*c*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*c*) is less than the amount last claimed by the plaintiff but exceeds the amount last offered by the Corporation, the court shall in its discretion decide as to costs.".

Repeal of Ordinances 9 of 1957 and 28 of 1961 of South West Africa.

**48.** The Registration of Property in Deceased Estates Ordinance, 1957, and the Registration of Property in Deceased Estates Amendment Ordinance, 1961, both of the territory of South West Africa, are hereby repealed.

Amendment of section 95 of Ordinance 20 of 1968 of South West Africa, as amended by sections 1 and 8 of Proclamation R89 of 1969.

**49.** Section 95 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968, of the territory of South West Africa, is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph (*p*) of the following paragraphs:

"(*p*A) the prevention and combating of pollution of the air, land or sea which arises or may possibly arise in the course of the operations involved in prospecting or mining for any mineral or after such operations have ceased;

(*p*B) the making safe of undermined ground and of dangerous slimes dams, waste dumps, ash dumps, shafts, holes, trenches or excavations of whatever nature made in the course of prospecting or mining operations, the imposition of monetary and other obligations in connection with such safe-making on persons who are or were responsible for the undermining of such ground or the making of such slimes dams, waste dumps, ash dumps, shafts, holes, trenches or excavations or for the dangerous condition thereof, or who will benefit from such safe-making, and the assumption by the State of responsibility or co-responsibility for such safe-making in particular cases;".

Amendment of Proclamation No. 333 of 1949.

**50.** (1) Proclamation No 333 of 1949 is hereby amended by the deletion of paragraph 3 of Annexure A.

(2) The reference in paragraph 5 of the said Annexure to the district of Mount Currie shall as from the commencement of this section be construed as a reference to that district as extended in terms of Government Notice No. 1149 of 30 June 1972.

Short title.

**51.** This Act shall be called the General Law Amendment Act, 1973.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



„(*b*) behoudens die bepalings van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), die loop van 'n rivier, kanaal, stroom of waterloop verander ten einde tonnels, brûe, deurgange of ander werke oor of onder hulle te bou en in stand te hou, en die loop van 'n rivier, kanaal, stroom of waterloop, of 'n straat, pad of weg, hetsy tydelik of permanent, verlê of verander, of die vlak daarvan verhoog of laat sak, ten einde hulle meer gerieflik oor, onder of langs die spoorlyn te laat loop;".

Wysiging van artikel 7 van Wet 28 van 1973.

**46.** Artikel 7 van die Sishen-Saldanhabaai-spoorlynaanlegwet, 1973, word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by subartikel (2) te voeg, terwyl die bestaande subartikel paragraaf (*a*) word:

„(*b*) Die bedrag van vergoeding ingevolge paragraaf (*a*) betaalbaar, kan verhoog word met 'n bedrag wat gelyk is aan tien persent van die bedrag van vergoeding aldus betaalbaar: Met dien verstande dat so 'n bykomende bedrag nie die bedrag van tienduisend rand te bowe gaan nie.".

Wysiging van artikel 10 van Wet 28 van 1973.

**47.** Artikel 10 van die Sishen-Saldanhabaai-spoorlynaanlegwet, 1973, word hierby gewysig deur paragraaf (*c*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*c*) minder is as die bedrag wat laas deur die eiser geëis is maar meer is as die bedrag wat laas deur die Korporasie aangebied is, beslis die hof na goeddunke oor koste.".

Herroeping van Ordonnansies 9 van 1957 en 28 van 1961 van Suidwes-Afrika.

**48.** Die Ordonnansie op die Registrasie van Eiendom in Bestorwe Boedels, 1957, en die Wysigingsordonnansie op die Registrasie van Eiendom in Bestorwe Boedels, 1961, albei van die gebied Suidwes-Afrika, word hierby herroep.

Wysiging van artikel 95 van Ordonnansie 20 van 1968 van Suidwes-Afrika, soos gewysig deur artikels 1 en 8 van Proklamasie R.89 van 1969.

**49.** Artikel 95 van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968, van die gebied Suidwes-Afrika, word hierby gewysig deur in subartikel (1) na paragraaf (*p*) die volgende paragrawe in te voeg:

„(*p*A) die voorkoming en bekamping van besoedeling van die lug, grond of see wat ontstaan of moontlik kan ontstaan in die loop van die werksaamhede betrokke by die prospekteer na of myn vir 'n mineraal of nadat sodanige werksaamhede gestaak is;

(*p*B) die veiligmaking van ondermynde grond en van gevaarlike slikdamme, uitskothope, ashope, skagte, gate, slote of uitgrawings van watter aard ook al wat in die loop van prospekteer- of mynwerksaamhede gemaak is, die oplegging van geldelike en ander verpligtings in verband met sodanige veiligmaking op persone wat vir die ondermyning van sodanige grond of die maak van sodanige slikdamme, uitskothope, ashope, skagte, gate, slote of uitgrawings of vir die gevaarlike toestand daarvan verantwoordelik is of was, of wat deur sodanige veiligmaking bevoordeel sal word, en die aanvaarding deur die Staat van verantwoordelikheid of mede-verantwoordelikheid vir sodanige veiligmaking in bepaalde gevalle;".

Wysiging van Proklamasie No. 333 van 1949.

**50.** (1) Proklamasie No. 333 van 1949 word hierby gewysig deur paragraaf 3 van Aanhangsel A te skrap.

(2) Die verwysing in paragraaf 5 van die genoemde Aanhangsel na die distrik Mount Currie word vanaf die inwerkingtreding van hierdie artikel uitgelê as 'n verwysing na daardie distrik soos uitgebrei ingevolge Goewermentskennisgewing No. 1149 van 30 Junie 1972.

Kort titel.

**51.** Hierdie Wet heet die Algemene Regswysigingswet, 1973.